

SA Graan Grain

Spesiale uitgawe | Special edition
Augustus 2019 | August 2019

BREDASDORP PARK
4 - 6 September 2019

Graan SA/Grain SA
NAM O
KAAP CAPE

2019

Winde van vooruitgang
Winds of prosperity

www.expo.org.za

AFS

ADVANCED
FARMING SYSTEMS
CERTIFIED



DIE NUUTSTE TOEVOEGING TOT DIE NORTHMEC TOERUSTINGREEKS

Northmec het vande jaar die AgXtend SoilXplorer-reeks sowel as die nuutste vlagskip stropermodelle, die hidrouliese 250 stroperreeks, aan die mark bekendgestel.

KOM BESIGTIG DIE REEKSE TYDENS NAMPO KAAP 2019, STANDPLAAS 123.



Kontak Northmec vandag nog: www.northmec.co.za | 011 922 2300



Bl 8



Bl 3

SA Graan
Grain



EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
www.grainsa.co.za

REDAKSIE

Dr Dirk Strydom
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: dirks@grainsa.co.za

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estie@infoworks.biz

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

MEDEWERKER:
Jan Greyling

PUBLISERINGSPLAN:
Ingrid Bailey, Elmien Bosch en
Nadine Stork (bladuitleg)

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoörd-
dineerder
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgen@kolbemedi.co.za

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekoörd-
dineerder
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: ruth@schmiltz.co.za

Aanlyn beskikbaar by:
sagrainmag.co.za

Inhoud | Contents

- 2 NAMPO Kaap bied vanjaar nóg meer → 440 uitstallers en 55 nuwe standplase!
- 4 Alles oor die groot gebeurtenis – net 'n knoppie ver
- 4 Bestuurspan werk saam
- 5 Lede se behoeftes is die belangrikste → Jannie de Villiers aan die woord
- 6 Vir die dames: Kevin Leo en Herman Lensing → P.S. Hulle kook, hoor!
- 8 Opkomende boere beoordeel Merino's
- 9 Luister en gesels saam by *Nasie in Gesprek*
- 10 Stelsel maksimaliseer produktiwiteit, minimaliseer verliese en graanskade
- 11 Streekjeugskou noui kinders uit
- 12 Graan SA-, NWKV- en RPO-iede hartlik welkom by ledelokaal → Sien jou daar!
- 12 Nuwe hande bring nuwe denke
- 13 Beste produkte van hoëgehalte-uitstallers wag
- 14 Components to keep you on the move
- 15 Baie om te hap en te tap
- 16 Meer as net 'n perdeskou → 'n Perdeliefhebber se droom
- 18 Waterwys-sentrum fokus op besparing
- 19 150 jaar van diens aan die produsent
- 20 Allernutste kultivars by proefdemonstrasies → Maak hier 'n draai
- 21 Duitse tegnologie gemik op bewaringsboerdery
- 23 Nuwe 4x4-baan bied meer
- 24 Ons taaiste bakkie tot dusver
- 26 Graan SA- en NAMPO-items te koop → Kry joune nou
- 27 Boereplannekompetisie nou ook by NAMPO Kaap
- 28 Landbou-boereplannekompetisie: Inskrywingsvorm



NAMPO Kaap bied vanjaar nóg meer

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Tegnologie is 'n gegewe en elke produsent behoort dit maksimaal te ontgin om die regte besluite te neem. Vir elke produsent en landbouroespeler wag daar 'n groter, meer tegnologiese NAMPO Kaap 2019. Die geleentheid bring die nuutste tegnologie en presisietoerusting na die Wes-Kaap toe. Vanjaar vind NAMPO Kaap van Woensdag 4 September tot Vrydag 6 September op Bredasdorp Park plaas.

Produsente kan verseker weet dat hulle behoefte vir blootstelling aan die nuutste tendense die bestuurskomitee se prioriteit is.

"Hier sal iets wees waarby elke produsent sal baat. Geweldig baie nuwe tegnologie, plaasbestuursprogramme asook al die hardeware wat op die plaas benodig word, is vanjaar te sien. Bespreek betyds verblyf en draai die bakkie se neus Overberg toe om NAMPO vir 'n dag of drie te kom geniet," nooi mnr Henk Aggenbach (voorsitter van Bredasdorp Park NPC en NAMPO Kaap) en me Chrystal van Wyk (hoof uitvoerende beampte van Bredasdorp NPC).

Wat om te verwag

Proefpersele, demonstrasies, die bekendstelling van nuwe planttoerusting, die eerste Omnia/NAMPO Kaap Landbou-boereplannekompetisie, *Nasie in Gesprek*, ledelokaaltoegang vir lede van Graan SA, die RPO en die NWKV, 'n nuwe 4x4-baan, die Waterwys-sentrum, Land Bank se program vir opkomende boere, die Toyota-jongafslaersopleiding, 'n Toks van der Linde-steakbraai, die Overberg Jersey-klub se Jersey-skou, 'n damesprogram met Kevin Leo en Herman Lensing

asook die Overberg-jeugskou is enkele van die hoogtepunte wat verwag kan word.

Vir graanprodusente is daar 'n doelgemaakte lesing oor die belangrikheid van dekgewasmengsels. In praatjies oor onder meer plaasbeplanning en ekosisteme asook roofvoël- en kraanvoëlsensnavorsing gaan die Trust vir Bedreigde Natuurlewe fokus op optimale boerdery in harmonie met die natuur.

Henk bevestig proewe en demonstrasies deur onder meer Nulandis, Sensako saam met SABBI, Omnia, die Universiteit Stellenbosch, Kynoch en Moreson Grondverskuiwing. Die fokus is op kultivarkeuses, dekgewasmengsels en gewasbestuursopsies.

Vanjaar bied *Nasie in Gesprek* op al drie NAMPO Kaap-dae besprekings oor aktuele onderwerpe onder leiding van gewilde aanbieders en met kundige paneellede aan. Skouers sal die besprekings vir die eerste keer op vyf reuseplasmaskerms op verskillende plekke op die terrein kan volg.

Dienssentrum

Boonop het Bredasdorp NPC met 'n gewaardeerde skenking van LEMCO 'n splinternuwe, permanente mediese en rampdienssentrum, oftewel Venue Operational Centre (VOC), opgerig. Dit staan bekend as die LEMCO VOC en is direk langs die Absa-geleentheidsentrum geleë.

Diere

Land Bank en die Wes-Kaapse Departement van Landbou, wat die geleentheid vanjaar vir die eerste keer ondersteun, bied 'n inleidende Merino-

Tydens die eerste NAMPO Kaap in 2018 het 16 294 besoekers deur die hekke gegaan. Daar was 306 uitstallers.





'n Terugblik op verlede jaar se eerste NAMPO Kaap.

skoubeoordelaarsprogram vir opkomende boere aan. Daarna sal die boere se eie skape beoordeel word.

Veeprodusente van sover as die noorde, die Karoo en die Oos-Kaap kan saam met hul Wes-Kaapse eweknieë uitsien na stoetvee-uitstallings, die jaarlikse Jersey-skou, rasbekendstellings, verskeie klein- en grootveestoeuitstallings, veeleegnootskapsinligting, inheemse bokrasse op skou asook die slaglamkompetisie.

Op Donderdag 5 September kry produsente die geleentheid om te leer hoe om hul wolafrekeningstate ten beste te verstaan en hul teelbeleid dienooreenkomstig aan te pas. Die korrekte interpretasie van BLUP-syfers vir bees- en skaapboerdery word in 'n lesing hanteer.

Vir Henk en Chrystal is die insluiting in die NAMPO Kaap-arenaprogram van 'n terapeutiese perdry-ervaring vir kinders met spesiale behoeftes, baie belangrik. "Ons noem ons kinders met outisme en gestremdheid 'kinders met hoop'. Die driedaglange perdeprogram sluit 'n Walliese ponieperdvertoning, 'n dresseerskou, skouspringklasse, ruiterkunstegniek en kostuumruiterskoue in.

Aansluitend hierby sal 'n talentvolle plaaslike 15-jarige dogter met outisme, Lize Struwig, haar passie en natuurlike aanvoeling vir taksidermie met besoekers deel. Sy stop diere wat op plaaspaai doodgery word, op en wil haar talente graag deel, aldus Henk.

Besoekers sal verder met van die land se voorste miniatuurperdstoettelers kan kennis maak.

Oud en jonk

Wenners van die eerste Omnia/NAMPO Kaap Landbou-boereplannekompetisie sal ook op 5 September in vyf afdelings met vet kontantpryse wegstap. Produsente moet verkieslik voor 23 Augustus inskryf.

Oud-Elsenburgers kan op die Donderdagaand uitsien na Toks van der Linde en die Broers se optrede en die bekendstelling van Namibië Brouerye se bier tydens Elsenburg se reünie-

ete by die Ruëns Kollege Steak-house.

Terwyl die mamas hulle gate uit geniet by die damestent sal die kleingood reg langs-aan veilig besig kan bly.

Kaartjies en parking

Parkeerterreine 1, 2, 3 en 4 en die lede- en produsenteparkerings open reeds vanaf 6:30 elke oggend. Al die toegangshekke na die terrein open om 7:00. NAMPO Kaap sal daagliks tot 17:00 oop wees.

Kyk gerus uit vir die verdubbelde parkeer ruimte asook vyf toegangshekke met nuwe, vloeiende betaalpunte. Voorafbespreking van toegangskartjies by www.ticketpros.co.za vir 'n R10-besparing per volwassene word reeds aanlyn verkoop teen R60 per dag per volwassene en R20 per dag per kind. By die nuwe Sensako-hek en die vier nuwe Hollard-hekke sal dit R70 per volwassene kos vir diegene wat nie vooraf koop nie.

Landingstrook

Die NAMPO Kaap-landingstrook en -aanloopbaan net buite Bredasdorp se lugverkeerbeheerligting is beskikbaar by www.nampo.co.za, www.nampokaap.co.za of kontak admin@expo.org.za. ●

Verblyf hier beskikbaar

'n Omvattende verblyfdiens vir Bredasdorp en omliggende dorpe, insluitend L'Agulhas, Struisbaai, Waenhuiskrans, Elim, Caledon, Swellendam, Riviersonderend, Protom en Klipdale, word namens NAMPO Kaap deur Wilhelm en Susan Wessels op Bredasdorp hanteer. Hulle kan gekontak word by wilhelm@trissco.co.za of 083 283 5445.



2019

Alles oor die groot gebeurtenis – net 'n knoppie ver

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Insigting oor NAMPO Kaap 2019 kan nou reeds op NAMPO se webblad by www.nampo.co.za gesien word. Die NAMPO Kaap-webblad is ook binnekort aktief en besoekers sal outomaties herlei word sodra dit gereed is.

NAMPO Kaap beskik reeds oor sy eie Facebook-blad, met deurlopende vars insigting by <https://www.facebook.com/NampoCapeKaap>.

Produsente kan ook hul gunstelinglandboupublikasies, bedryfstydskrifte, landboubylaes in die Wes-Kaapse dagblaai en gemeenskapskoerante dophou vir alles wat nodig is om te weet oor NAMPO Kaap.

Volgens me Alzena Gomes (skakelbeampte van Graan SA) sal lede van Graan SA nader aan die geleentheid alle reëlins vir hul bywoning per e-pos ontvang. Sy nooi alle jongmense, studente en landbou- en ander leerders uit om die webblad en Facebook-blad dop te hou vir die volledige program, waarin jeug- en leerderdeelname, lesings en demonstrasies aangedui sal word.

NAMPO het verder sy eie Instagram-blad en voornemende besoekers kan ook skakels na YouTube-video's oor NAMPO Kaap op die Facebook-blad vind.

Tydens NAMPO Kaap gaan beide Caledon FM en Radio Overberg, asook plaaslike gemeenskapsradiostasies, regstreeks vanaf Bredasdorp Park uitsaai. ●



NAMPO Kaap in 'n neutedop

Wanneer: Woensdag 4 September tot Vrydag 6 September

Hektye: Daaglik 8:00 tot 17:00

Waar: Bredasdorp Park, Bredasdorp

GPS-koördinate: S34 31.387 E20 02.912 / S34 31 22.8 E20 02 54.5 / S34 52300 E20 04860

Toegangspaaie: Vanaf Swellendam; vanaf Napier/Caledon/Stormsvlei; vanaf Waenhuiskrans; vanaf Struisbaai en L'Agulhas; vanaf Nooitgedacht-pad

Parkering: Drie terreine – oop vir almal asook 'n lede- en BBP-parkering

Toegangshekke: Sensako-hek 1, Hollard-hekke 2 tot 5

Kaartjies: www.ticketpros.co.za of by die toegangshekke

Toegangsgeld: R60 per volwassene en R20 per skoolgaande kind (aanlyn) andersins R70 per volwassene en R20 per skoolgaande kind (by hekke). Voor-skoolse kinders: Gratis

Kitsbanke: Nedbank, Absa en FNB

Speelsterrein: Margarete Uys-plaasspeelparkie (langs die damestent) Navrae: 028 050 1385

Landingstrookbesonderhede: Bredasdorp-landingstrook (net met voorafbespreking). Kontak JP du Toit by 082 450 1627 of Johan du Toit by 082 777 3935
Lugmaglugverkeertoring by 028 425 4081
Radiofrekwensie: 119.8 MHz

Bestuurspan werk SAAM

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

NAMPO Kaap se bestuurskomiteelede is sleutelrolspelers in die aanbieding van 'n suksesvolle, leersame en besoekervriendelike tentoonstelling. Vir hulle gaan dit oor veel meer as net dit wat vanaf Woensdag 4 September tot Vrydag 6 September glad moet verloop op Bredasdorp Park.

Volgens die voorsitter, mnr Henk Aggenbach, is die span met die hand geselekteer om mekaar ten beste aan te vul en opvolgbestuur vir die toekoms in plek te kry. "Ons meen dat dit belangrik is om nie net ons eie take ten beste te voltooi nie, maar om veral ook seker te maak dat ons weet wat met die res van die NAMPO Kaap-reëlins gebeur."

Die bestuurskomitee is...

Henk se span bestaan uit produsente, sakelui en ander vrywilligers. Die bestuurskomitee vir NAMPO Kaap 2019 is: Henk Aggenbach, AP du Toit, An-Johlene Snyders, Toit Wessels, AP van Zyl, Gert Aggenbach, Cobus Uys, Francois Pratt, Christiaan Neethling, Jan-Hendrik Human, Waldo Strydom, Vicky Blom en Chrystal van Wyk.

In die uitvoering van hul werk geniet hulle die ondersteuning van gefokusde personeel soos Gerikus Faraa, Charmaine Plaatjies, Charlotte Tiemie en Mario Hendriks. ●



Lede se behoeftes is die belangrikste

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

“Die doel van Graan SA, as bedryfsorganisasie, se deelname is om vir produsente die beste maandelike platform daar te stel om alle nuwe tegnologie en insette met mekaar te vergelyk ten einde volhoubaar te bly,” sê mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA).

As vennoot in NAMPO Kaap is dit vir Graan SA belangrik dat hierdie jaarlikse Wes-Kaapse skou 'n toonvenster van dinamiese ontwikkeling en groeiende geleenthede in produksie en waardetoevoeging sal wees.

Met aansienlik minder tyd as wat vanjaar vir voorbereiding beskikbaar is, kon NAMPO Kaap in 2018 tydens die eerste skou meer as 16 000 besoekers verwelkom. Jannie verwag dat NAMPO Kaap 2019 ook “'n geleentheid sal wees om vir buitestaanders te kan wys waarvoor moderne landbou gaan en hoe om netwerke te bou om ons meer mededingend te maak”.

Groeiende belangstelling

Die organiseerders het kennis geneem van die groeiende belangstelling van uitstallers en voornemende besoekers in NAMPO Kaap. Dit word beantwoord met onder meer die verdriedubbeling van parkeerruimte, bykomende toegangshekke en aansienlik meer badkamers en besigheidsruimte vir die 2019-tentoonstelling. Produsente en belangstellendes kan dus 'n beter en groter aanbieding verwag.

Jannie beskou die belange van die lede van Graan SA en die volhoubare groei van landbou in die Wes-Kaap as die belangrikste doelwitte van NAMPO Kaap.



Jannie de Villiers tydens Nasie in Gesprek by NAMPO Kaap in 2018.

Groot voetspoor

“In die verlede was Graan SA 'n uitstaller by skoue wat op Bredasdorp aangebied is. Met die verandering in bestuur is ons genader om as vennoot te kom deelneem aan die nuwe skou. Ons het 'n baie groot voetspoor in terme van ons ledebasis in die Wes-Kaap. Vir ons was dit dus nie 'n baie moeilike besluit om die vennootskap aan te gaan nie. Ons het saam met ons vennoot, Bredasdorp Park NPC, bloot net bespreek hoe ons dit sou doen.

“Graan SA wou nie iets halfhartig aanpak nie. Dus het ons besluit om ons sterk NAMPO-handelsmerk te gebruik om seker te maak ons bring die beste maandelike skou na die Wes-Kaap om ons lede te bedien.

“Ons nooi, as vennoot, ons lede en hul gades na ons gasvryheidslokaal en sien daarna uit om besigheid te bevorder en om bestaande en nuwe uitstallers en potensieële sakevennote te ontmoet en bymekaar uit te bring,” sê hy. ●



Knowledge grows

Yara gister, vandag, en môre saam met jou

Kom besoek ons by Nampo in Bredasdorp van 4 tot 6 September

Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd
Tel: +27 (0)21 877 5300 | Faks: +27 (0)21 862 6604 | www.yara.co.za



YaraVita™
PROCOTE™



Vir die dames: Kevin Leo en Herman Lensing

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

'n Lekker bederf wag vir seker vir die beter helftes van die manne wat NAMPO Kaap vanjaar kom besoek. *Sarie* se gewilde redakteur, Michelle van Breda, asook die VIA-kanaal se TV-ster en kosredakteur van *Sarie* en *Sarie Kos*, Herman Lensing, gaan tydens die vroueprogram optree.

Die immergewilde operaster en singende sjef, Kevin Leo, sal ook kwaliteittyd met die dames deurbring. Vanjaar open Retha de Villiers (eggenote van Jannie de Villiers van Graan SA) weer die vroueprogram met haar vroulike omgee en warmte toegevoeg in pitkos vir die hart. Tjhoko Paint se Nadine Vosloo bied kunsdemonstrasies en kreatiewe oplossings aan.

Dames sal daaglik ook die groter Nedbank/NAMPO Kaap-blommeskou in die Voermol-lewendehawesentrum kan besoek. Uitstallers van skoonheidsprodukte, juwele, kuns, gebak, ingemaakte produkte, mooi goed vir die huis asook 'n groot verskeidenheid klere en meubels, sal enige vrou se hart vinniger laat klop.

Onthou die damestent verskuif van die voorste grasperk na reg agter die BKB-veesentrum waar

dit gerieflik langs die Margarete Uys-plaasspeelparkie geleë is.

Koskenner

Herman Lensing is 'n dinamiese persoonlikheid en 'n passiewolke koskenner – 'n kombinasie wat van hom die jongste kosredakteur ooit by *Sarie* maak. Dit was tot nou toe sy loopbaanhoogtepunt: "Daardie oomblik toe Michelle van Breda my meedeel dat ek die kosredakteur van *Sarie* is. Ek het pas 21 geword en het nie in my wildeste drome kon dink dat ek hierdie werk sou kry nie.

"Ek is as 'n sjef opgelei. Toe besef ek dat die lang ure en volgehoue misbruik nie my idee van kos is nie. Ek was op soek na iets uitdagends, maar wou steeds my liefde vir kos utoeleef en 'n sosiale lewe geniet. Dit is toe dat ek joernalistiek as loopbaan kies, met my spesialiteit: Kos. My ma het gesê: 'Kos is kragtig. Dit kan iemand se dag opkikker.'"

Lensing is opgewonde oor die vinnige tegnologiese verandering in die mediaplatforms waarop sy liefde vir kook nou gedeel word – ook oor die ontwikkeling van talle nuwe moontlikhede met kos.



1. Herman Lensing 2. Kevin Leo



3. Nadine Vosloo van Tjhoko Paint sal, soos tydens die NAMPO Oesdag vanjaar, kreatiewe oplossings met krytverf bied. 4. Van die dames wat verlede jaar se vroueprogram bygewoon het saam met Pedro Kruger.

Singend kook hy

Die 47-jarige Kevin Leo is wyd bekend vir sy goue operastem, maar ook as sanger van ligte Afrikaanse liedjies. Hy tree op as sanger, akteur, sjef en stemkunstenaar. Meer onlangs is hy ook bekend as die Singende Sjef. Hiervoor kombineer hy sy formidabele stem met meesterlike kookkuns en stories.

Sy nuutste album, ter erkenning van dank vir sy talent en 21 jaar in die bedryf, is Kevin Leo XX1 – met 'n orkes, koor en uitstaande vervaardigers. Die album is Kevin se dank aan die Skepper vir sy talent en is benoem vir 'n Ghoema- en 'n Tempo-toekenning.

Kevin se meer as tien albums bevat verskeie duette, onder meer saam met Jannie Moolman en Charlize Bergh. Die land ken hom ook saam met Jakkie Louw in *Jakkals en Leo*. Saam met Mathys Roets en Danie Niehaus vorm hy deel van *Drie van die Bestes*.

Die volledige vroueprogram kan by www.nampo.co.za of www.nampokaap.co.za gesien word. ●

GRAAN SA SE NAMPO KAAP BY BREDASDORP PARK

NETWERK24 *Vroue* PROGRAM 4-6 SEPTEMBER 2019

≧ WOENSDAG 4 SEP ≦

- 09h30 Retha de Villiers
Sielskos vir die dag – Inspirasie
- 09h45 Michelle van Breda
In SARIE se wêreld
- 10h45 Herman Lensing
Kom proe en maak jou naweektafel met SARIE KOS
- 11h45 Kevin Leo
Singing Chef – Tema Amerikaans met gesonde nageregte
- 12h45 Ete
- 14h00 Tjhoko Paint
Herwin in styl met Tjhoko Paint – Jy gooi nie weg – ons ruk reg



≧ DONDERDAG 5 SEP ≦

- 09h30 Retha de Villiers
Sielskos vir die dag – Inspirasie
- 09h45 Michelle van Breda
In SARIE se wêreld
- 10h45 Herman Lensing
Kom proe en maak jou naweektafel met SARIE KOS
- 11h45 Kevin Leo
Singing Chef – Tema Frans met gesonde nageregte
- 12h45 Ete
- 14h00 Tjhoko Paint
Die kombuis maak die huis – ruk hom reg deur met Tjhoko te verf.
Kas of muur, ons wys jou hoe om met verf jou ruimte te versier!



≧ VRYDAG 6 SEP ≦

- 09h30 Retha de Villiers
Sielskos vir die dag – Inspirasie
- 09h45 Michelle van Breda
In SARIE se wêreld
- 10h45 Herman Lensing
Kom proe en maak jou naweektafel met SARIE KOS
- 11h45 Kevin Leo
Singing Chef – Tema Italiaans met gesonde nageregte
- 12h45 Ete
- 14h00 Tjhoko Paint
Dek die perfekte tafel vir enige geleentheid met Tjhoko





2019

Opkomende boere beoordeel Merino's

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Kleinveeboerdery en die funksionele doeltreffendheid van die Merino-skaapras in besonder, kry vanjaar aandag tydens die opkomende boere se program. Land Bank en die Wes-Kaapse Departement van Landbou bied aan hulle 'n inleidende Merino-skoubeoordelaarsprogram.

Oorsigtelike kursus

Volgens mnr Henk Aggenbach (voorsitter van NAMPO Kaap) is die aanbieding van 'n oorsigtelike Merino-skoubeoordelaarskursus 'n uitstekende manier waardeur opkomende boere as Merino-telers of kudde-eienaars meer kan leer oor die ideale teeleienskappe waarna die Merino-telersgenootskap soek. "Ons gaan met die boere gesels oor die ideale groeivorm, teeleienskappe en die ideale genetiese samestelling van manlike en vroulike diere," sê hy.

Henk sê die volledige beoordelaarskursus duur gewoonlik 'n week. "Om opkomende boere se belangstelling te prikkel, van hulle beter telers te maak en moontlik selfs passie vir beoordeling te vestig, gaan ons net die hoofpunte uitlig van die aspekte waarna gekwalifiseerde beoordelaars kyk om die beste teelmateriaal te onderskei," verduidelik hy.

Produseer wol en vleis

Volgens 'n mening van dr Amie Aucamp in *Merino Science* is Merino's uniek omdat hulle gelyktydig wol en vleis produseer. "Indien ons van winsgewende wolskaapboerdery praat, moet beide produkte aandag geniet. Reproduksië of verhoogde ooi-produktiwiteit en funksioneel doeltreffende ooi-kudde is in werklikheid die sleutel tot winsgewendheid."



NAMPO Kaap bied vanjaar baie vir nuwe toetreders tot die landbou.

Dr Aucamp sê daar is groot uitdagings binne die ontwikkelende landbou. Hierdie produsente is vasgevang binne 'n bepaalde raamwerk van hoe groter hoe beter; 'n ram moet horings hê en daar is historiese voorkeurasse. Hierin lê, volgens hom, groot potensiaal opgesluit en opkomende boere is gereed vir die uitdagings.

Waarop gefokus moet word

"Ons moet fokus op funksioneel doeltreffende ooi-kuddes, goeie rekordhouding en optimale reproduksie deur onder meer te let op 'n ooi wat gereeld lam en lammers met karkasse van goeie gehalte suksesvol grootmaak, terwyl hulle genoegsame kwaliteitwol binne die beperkings van hul omgewing lewer," sê dr Aucamp.

Na afloop van die kort kursus in Merino-beoordeling gaan die deelnemende opkomende boere se eie kuddeskaappe beoordeel word om praktiese toepassing van hul nuwe kennis te verskerp. ●

WILD EN JAG VEILING DONDERDAGAAND 5 SEPTEMBER 2019 OM 18:30

**KOM BESOEK ONS BY
STALLETJIE 194
VOERMOL SAAL**



WWW.SCAPEGAME.CO.ZA
INFO@SCAPEGAME.CO.ZA

TOP GENETIKA BESKIKBAAR



BJ SCHUTTE
082 857 4202



KOBUS CROUS SNR
073 935 8065



LEE VERGOTTINI
082 461 6981



Luister en gesels saam by Nasie in Gesprek

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Nasie in Gesprek, die gewilde televisie-program, wat sy bestaan by die jaarlikse NAMPO Oesdag (en sedert 2018 by NAMPO Kaap ook) te danke het aan samewerking tussen van die land se voorste landbouinsetverskaffers, bied vanjaar weer aktuele gesprekvoering.

Daar is besluit op "Waar nuwe winde in die landbou waai" as deurlopende tema van die gesprekke wat vanaf Woensdag 4 September tot Vrydag 6 September op Bredasdorp Park gaan plaasvind.

Woensdag sal daar 'n paneelbespreking wees oor die toekoms van landbou in veral die Wes-Kaap. Die **Donderdag**-gesprek gaan fokus op debatvoering oor alternatiewe gewasse tot die gevestigde aanplanting van koring, gars, hawer en kanola in die winterreënval-

streek. Die rol en toekoms van die wingerdbedryf as 'n anker van die Wes-Kaapse landbou kom **Vrydag** aan die beurt.

Vir alle belangstellendes

Nasie in Gesprek is oop vir bywoning deur alle belangstellendes. Besoekers moet vroeg kom om hul plekke te verseker. Groepe en skole is ook welkom.

Die gesprekke word daaglik vanaf 9:30 tot 11:30 in die Santam-ouditorium aangebied. Verskeie streek- en nasionale mediagroepes asook uitsaaiers sal weer by vanjaar se gesprekke betrek word. Alle belangstellende verslaggewers en fotografe is welkom.

Volgens mnr Toit Wessels (assistentbestuurder: NAMPO en Bemaking, Graan SA) sal die finale onderwerpe, gespreksleiers en paneellede binnekort bekend gemaak word. Volledige inligting is beskikbaar op www.nampo.co.za of www.nampokaap.co.za. ●



Een van verlede jaar se *Nasie in Gesprek*-paneelbesprekings.

BUILDING NETWORKS IN CHALLENGING ENVIRONMENTS

WIRELESS INFRASTRUCTURE · INTERNET · VOICE

VISIT US AT OUR STAND AT NAMPO CAPE AND ENJOY FREE WIFI ON US!

Tel: 021 2000 600

TWK

www.twkcom.co.za



Stelsel *maksimaliseer* produktiwiteit, *minimaliseer* verliese en graanskade

Nico Dreyer, New Holland

Die nuwe CR Revelation-reeks stropers (wat modelle insluit wat wissel van 374 pk. tot 700 pk.) verhoog produktiwiteit met die bekroonde IntelliSense™-outomatiseringstelsel wat 'n opsie van bykomende verbeterings bied.

IntelliSense se outomatiseringstelsel maksimaliseer kapasiteit en minimaliseer verliese en graanskade. Die stelsel vergemaklik 'n operateur se grootste uitdaging deur handhawing van maksimum kapasiteit, terwyl verliese en beskadiging van graan tot 'n minimum beperk word. Met die *cleaning shoe pressure-sensor* ('n eerste in die industrie) en as wenner van die silwer medalje by die Agritechnica-innovasietoekennings in 2017, verskaf hierdie opwindende nuwe funksie belangrike voordele om kliënte se produktiwiteit, wat insluit 'n verhoogde daaglikse uitset, verminderde graanverliese en verbeterde graankwaliteit, te bevorder.

Dit bied voordele vir die operateur soos om minder besluite te neem, beter gemak en verhoogde operateurselfvertroue, minder moegheid en 'n eenvoudiger gebruikerskoppelvlak. Verder kan 'n operateur kies uit vier tydbesparende strategieë: Beperkte verlies, beste graankwaliteit, maksimum kapasiteit of vaste deurvoer.

Deur voortdurend deur die dag die verstellings aan te pas, verhoog die produktiwiteit van 'n ervare bestuurder met tot 10% en 'n onervare bestuurder s'n met tot 20%.

Die IntelliCruise™ II- outomatiese deurvoerstelsel lewer beter reaksie en stelselstabiliteit, terwyl die CR Revelation se invoerstelsel outomaties die vorentoespoed sal aanpas na gelang van die gewaslading.

Nuutste tegnologie

Hierdie nuwe kenmerke, saam met die volledige Precision Land Management-stelsel (PLM™-stelsel), maak die New Holland CR Revelation-stroper een van die mees gevorderde en doeltreffende stropers beskikbaar. Voeg daarby nuwe PLM-kenmerke soos CNH Industrial se eksklusiewe AB-lyndeler deur die Field View Drive – en dit is vinniger en makliker as ooit om verskeie stropers in die dieselfde land aan te wend met gebruik van dieselfde lyne. Terselfdertyd kan al die data gedeel word met die huiskantoor of handelaar asook 'n derde party van die kliënt se keuse met behulp van New Holland se Telematics PLM Connect™-aanbod. Laasgenoemde is beskikbaar in beide 'n fabriek- en 'n handelaar-geïnstalleerde opsie.

Verskeie modelle in die New Holland-stal is beskikbaar met die nuwe IntelliSense-tegnologie. Daar is ook meer modelle beskikbaar in die "ekonomiese" klas, soos die nuwe CR6.80. New Holland bied ook 'n volledige reeks graan- en mielietafels.

Selfaangedrewe spuite: Ongekende grondvryhoogte en veelsydigheid

Die Guardian-spuite spog steeds met 'n ongeëwenaarde grondvryhoogte en 'n

unieke suspensie wat enige terrein baasraak. Met verskeie opsies wat tenkgrootte, balkwydte en seksiebeheer insluit, kan die hoëkwaliteitspuit pasgemaak vir enige toepassing bestel word.

IntelliSpray, wat die spuitproses deur middel van variërende impulse tydens spoedveranderings beheer, is standaard op hierdie spuite beskikbaar. Dit kompenseer dan ook outomaties wanneer gedraai word.

Die stelsel bied uitstekende beheer van elke seksie afsonderlik op die spuitbalk, wat help om chemikalieë te bespaar. Die spuite is ook toegerus met die nuutste presisieboerderytegnologie wat help om die spuitproses te vergemaklik. Met die produktenk wat in die middel van die spuit sit, is daar ook altyd 'n egalige gewigsverplasing. Die nuwe SP310F sal hierdie jaar ten ton gestel word tydens NAMPO Kaap. ●

Besoek ons standplaas op Bredasdorp.

1. Die IntelliSense-outomatiseringstelsel in New Holland se stropers maksimaliseer kapasiteit en minimaliseer verliese en graanskade. 2. Guardian-spuite spog met 'n ongeëwenaarde grondvryhoogte en 'n unieke suspensie wat enige terrein baasraak.





Streekjeugskou nooi kinders uit

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

NAMPO Kaap speel vanjaar gasheer vir die Overberg-streekjeugskou. Nege verskillende klasse in onderskeidelik drie kategorieë sal teen mekaar meeding vir kwalifiserende punte om deur te dring na die WP-kampioenskappe volgende jaar.

Volgens me An-Johlene Snyders, organiseerder van die geleentheid op die NAMPO Kaap-bestuurskomitee, is dit heerlik om met die kinders te werk. "Om kinders op die platteland groot te maak, is 'n voorreg. Om 'n belangstelling in diere te kan prikkel en die liefde te kan kweek by kinders, is net so 'n voorreg!"

Sy sê seuns en dogters, ouderdomme vyf jaar tot 17 jaar, kompeteer in nege verskillende klasse in **drie kategorieë**, naamlik:

- » Junior-junior: Vyf jaar tot nege jaar
- » Junior: Tien jaar tot 13 jaar
- » Senior: 14 jaar tot 17 jaar

Die klasse is soos volg: Suiwelbees, Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Veselbok, Melkbok, Vleisbok, Hoenders en Perde.

Hoër- en laerskole van oor 'n groot deel van die Wes-Kaap kom aan hierdie kompetisie deelneem. Deelnemers kom onder meer vanaf Bredasdorp, Swellendam, Heidelberg, Riversdal, Mosselbaai, George, Oudtshoorn, Ceres en Clanwilliam. Daar is ook twee landbouskole: Augsburg en Oakdale.

Ontwikkel selfvertroue

"Kinders wat by die Overberg-streekjeugskou betrokke is, word die geleentheid gebied om op 'n ander platform as in akademiese en sport uit te blink. Hulle ontwikkel selfvertroue en tien teen een, soos baie vorige kampioene, 'n passie en belangstelling vir 'n loopbaan in die landbousektor," sê An-Johlene.

Die kinders word deur goed opgeleide kenners beoordeel. Daar word gekyk na hul vermoë om 'n dier ten toon te stel en met selfvertroue en trots in die skouing en by die stalle te hanteer. Hulle is 100% verantwoordelik vir die versorging van hul diere.

Alle deelnemende diere wat tydens beoordeling hanteer word, moet vooraf gewas en voorberei word. Junior en senior leerders lê as deel van hul deelname ook 'n teoretiese toets af, sodra hulle op provinsiale vlak begin deelneem.

Sport in eie reg

Jeugskou is 'n sport in eie reg, vir die hardwerkende kind wat 'n liefde vir diere het en 'n goeie verantwoordelikhedsin het of verder wil ontwikkel. ●

An-Johlene kan by 072 386 9559 of anjo@lbps.co.za gekontak word.



Deelnemers aan die Overberg-streekjeugskou moet hul diere versorg en voorberei.

www.algar.co.za
082 324 6256

Veehanteringstoerusting Livestock Handling Equipment

algar@algar.co.za



Schalk le Roux Cell: 083 407 7740
Email: schalk@beveratech.co.za
Ernst Coetzee Cell: 083 412 3092
Website: www.beveratech.co.za
Address: 77 Stokery Road / Wellington / 7654

☎ 021 873 0590 ☎ 021 873 0547



MASSEY FERGUSON TRACTORS



BINGER EB 490 P LEAF REMOVER



BINGER VSL 07 P PRE PRUNER



BINGER ORCHARD TRIMMER



BINGER LSA 320 AU 3 P TRIMMER



ERO 6000 GRAPE HARVESTER



ERO ELITE TRIMMER



TURMATIC SPRAYERS



VMA MULTITROW SPRAYERS



VMA LOW VOLUME ESS



Graan SA-, NWKV- en RPO-lede hartlik welkom by ledelokaal

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Dit bly vir Graan SA en NAMPO Kaap hoogste prioriteit om lede van oor die hele land hartlik te ontvang en tuis te laat voel tydens NAMPO Kaap op Bredasdorp Park. Lede sal alle inligting oor die geleentheid per e-pos ontvang.

Lede van Graan SA, asook lede van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) en lede van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) maak almal met hul voorafontvangde toegangsbrief gebruik van Hek B (hoofingang) na Bredasdorp Park. Hulle ry, met hul voorafuitgereikte permitte, direk in die Graan SA-ledeparkering in. Die parkering se enigste ingang tot die terrein is reg by die toegangsdeur van die Graan SA-ledelokaal.

Skakelgeleentheid

Graan SA bied nie net vir lede goeie skakelgeleentheid met bestuur en met mekaar nie – by die lokaal sal daar ook inligting en 'n rusplek vir moeggeeloopte

bene vir lede van die drie bedryfsorganisasies wees. Daar sal ook na hulle honger en dors omgesien word.

Produsente is baie welkom en navrae oor hul tuiste hier kan aan mnr Toit Wessels by toit@grainsa.co.za of 082 658 6552 gerig word. ●



Die Graan SA-ledelokaal bied gesels- en genietgeleenthede aan Graan SA-, NWKV- en RPO-lede.

Nuwe hande bring nuwe denke

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Die optimale benutting van Bredasdorp Park word in opdrag van die grond-eienaars, Overberg Agri, deur Bredasdorp NPC se agt direkteure bestuur. Die span is professionele kundiges uit onder meer die landbou-, reg-, bestuur- en boerderysektore. Hulle staan onder leiding van mnr Henk Aggenbach.

“Ons is net die rentmeesters van die terrein en infrastruktuur. Ons opdrag is om Bredasdorp Park volhoubaar in belang van landbou, landboubesigheid en landbou-ontwikkeling te bestuur. Met vars, toe-

komsgerigte denke om die tafel kyk ons gefokus na lewensvatbaarheid en uitbouing van die nut van die terrein vir landbou en die Overberg se gemeenskap,” sê Henk.

Direksie

Die Bredasdorp Park NPC-direksie bestaan uit: Henk Aggenbach, Dirk Uys, Dirk Hanekom, Louw Coetzer, Michael van Breda, Alfreda Mars, Marthelene Mathysen en Chrystal van Wyk. ●

'n Paar van Bredasdorp Park NPC se direksielede het vroeër vanjaar die NAMPO Oesdag op Bothaville bygewoon. Hier is Chrystal van Wyk, Dirk Uys, Henk Aggenbach, dr Dirk Strydom (bestuurder: Graanekonome en Bemaking, Graan SA) en Alfreda Mars. Dr Strydom het hul op NAMPO Park verwelkom.





BESTE PRODUKTE van hoëgehalte-uitstallers wag

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Produsente kan uitsien na die terugkeer van baie uitstallers wat voorheen op Bredasdorp Park deelgeneem het, maar nie verlede jaar daar was nie. Volgens mnr Toit Wessels (assistent-bestuurder: NAMPO en Bemarking, Graan SA) maak die 55 nuwe standplase op Bredasdorp Park dit moontlik om vanjaar 440 uitstallers van hoë standaard te huisves. "Ons verwelkom hulle met ope arms terug."

"250 van ons uitstallers sal in die BKB- en Voermol-veesentrums en in die Total-saal wees. Dit sluit binnenshuise vee-uitstallings in. Ons het vanjaar 190 buite-uitstallers. Met inagneming van die nuwe standplase is NAMPO Kaap, net soos in 2018, van hoek tot kant vol bespreek."

Groter of meer nie noodwendig beter nie

Toit sê die kwaliteit van die uitstallers se landboubande, hul produkte, voorkoms en diens bly vir Graan SA en Bredasdorp NPC die eerste vereiste. "Groter of meer uitstallers is nie noodwendig beter nie. Ons besoekers hou werklik van goeie gehalte."

Om die 55 nuwe uitstalruimtes te skep, was 'n bonus vir besoekers. "Ons het die terrein meer stapvriendelik gemaak en die onbenutte ruimte binne die ekspo maksimaal omskep in nuwe standplase. Die terrein se grense bly onveranderd."

Tegnologie

Hy bevestig dat veral die Total-saal gepak is met uitstallers wat die allernuutste tegnologie aan produsente wil bekend stel. "Dit verbaas my jaar na jaar waar ons uitstallers aan al die nuwe ontwikkelinge kom, maar dit is daar en produsente moet maar kom kyk. Wat presisieboerdery betref, is die proewe van verskeie verskaffers en van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, waar die nuutste tendense eerstehands verduidelik sal word, 'n hoogtepunt."

NAMPO Kaap maak tans net van Suid-Afrikaanse verskaffers as uitstallers gebruik. Beide Ford SA en New Holland is deur hul nasionale hoofkantore verbind en kom stal die jongste toevoegings tot hul plaaswerktuie en padvoertuie bekend.

Uit die Wes-Kaap is dit hoofsaaklik die graanbedryf wat uitstal. Dit is goed om te weet dat die beskikbare ruimte vir demonstrasies en saadplotte deur van die landbousektor se voorste verskaffers vol bespreek is. Hier kan produsente die allernuutste kultivars en praktyke eerstehands bekyk en ervaar.

Wye verskeidenheid

Vanjaar is daar ook wingerdbedryftoonstellings vir produsente in dié bedryf. Verder kan besoekers soos altyd die beste opsies vir die aankoop van bakkies, motors, karavane en sleepwaens verwag.

Toit beklemtoon die verskeidenheid van landboumasjinerie wat te sien is. "Hier kan produsente die verskillende produkte met mekaar vergelyk en uitstekende pryse beding. Ander ware wenners bly die vee-komponent en die gewasaanplantings op ons saadpersele."

Hy sê daar word beslis voorsiening gemaak vir meer as net primêre behoeftes. "Daar sal vir elke besoeker – produsente, vriende van die landbou, ons vroue, opkomende boere, die jeug of sommer net nuuskieriges – iets wees wat hom/haar sal beïndruk," sluit hy af. ●



Volgens Toit Wessels is daar vanjaar 55 nuwe standplase op Bredasdorp Park en in totaal 440 uitstallers van hoë standaard.

Come and meet the Team at Stand 48 in the BKB Hall at NAMPO Cape

POOL, SPA and KOI PUMPS

SPECK X
pumps **50**
South Africa - 1969 - 2019
Years

The greatest name in swimming pool, spa and bathtub pumps in South Africa and throughout the world.

After more than 50 years Speck Pumps SA continues in the fine tradition of manufacturing and producing innovative, superior designed high quality pumps for the swimming pool, Koi and spa industries together with the back-up of outstanding service and a spares network nationally, the rest of the African continent and the Indian Ocean Islands.



**HEAD OFFICE
CAPE TOWN BRANCH**

P O Box 39340, Capricorn Square, 7948

Unit 7, Southern Cross Village
Capricorn Boulevard South, Capricorn Park, Muizenberg, 7945

t +27 21 704-1143 f +27 21 703-4374

CONTACT

Alfredo

salescpt@speck-pumps.co.za

marketing@speck-pumps.co.za

www.speck-pumps.co.za

Your Auto-Electrical Partner of Choice!

Our business is keeping you moving safely!



Auto-Electrical

- Tail, Indicator, Reverse Lights
- Marker, Strobe Lights
- Work Lights
- Emergency Light Bars (Low Profile)
- Relays
- Fuses
- Automotive Cable
- Sleeving
- Gauges
- Brackets
- Hooters
- Two-Way Radios

Engine

- Starters & Components
- Alternators & Components
- Batteries & Accessories
- Solenoids

Collision Avoidance

- Q2 Camera Systems
- Q2 Black Boxes
- Q2 Monitors
- Back-up Alarms
- Fabique Monitoring

Connectors

- Suzi Cables
- Air Hoses
- Trailer Plugs

Safety & Monitoring

- Chock Blocks
- Conspicuity Tape
- Fire Extinguishers
- Tyre Pressure Monitoring

Visit us at Nampo Cape 2019, Stand 142, Hall BKB

www.trysome.co.za
+27 11 823 5650

TRYSOME
AUTO-ELECTRICAL ENGINEERING

Branches in: South Africa (Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, North West, Northern Cape & Western Cape), Zambia (Kitwe), Mozambique (Tete) & Botswana (Jwaneng & Letlhakane)

P00318

PRODUCT INFORMATION



2019

Grain SA/Grain SA
NAMPO
KAAP CAPE

Components to keep you on the move

Lesley Bennett, Trysome Auto-Electrical Engineering

Trysome Auto-Electrical Engineering is the largest single-source supplier of auto-electrical, heavy-duty components, collision avoidance systems and associated technical services in Southern Africa.

Well represented country-wide, Trysome has its head office in Jet Park, Boksburg in Gauteng with branches in KwaZulu-Natal (two), Mpumalanga, the North West Province as well as the Northern and Western Cape. Across the border, we operate branches in Botswana (Jwaneng and Letlhakane), Mozambique and Zambia. The rest of Africa is serviced by an export team based at head office.

Focus

Trysome is focused on sourcing OEM specialised auto-electrical replacement components as well as collision avoidance and associated safety systems for operators of heavy-duty automotive, agricultural, earth-moving, construction, transport and mining machinery.

In addition to parts sourcing, we are committed to the development and innovation of auto-electrical products through our TMT division where product customisation and adaptation are done in line with the specific needs of the customer and application. TMT also remanufactures rotating equipment to original equipment specifications.

Furthermore, we are in the business of manufacturing complete automotive electrical harnesses through our HarnessPro division based in Richards Bay.

Wide range

Boasting a wide and deep range of world-renowned brands, we have a comprehensive product basket to suit the agricultural market, including Nordic and Iconiq work lights, Flosser bulbs, Fabbro, Delco Remy, CE Niehoff and Lucas TVS starters, alternators and componentry, Safety Solutions back-up alarms, electrical harness components, batteries and battery chargers.

The above offering is backed by an impressive technical support team of more than 150 qualified auto-electricians to install, repair and maintain supplied products and systems with man-on-site services available on demand. ●



Trysome has a wide and varied product range to suit the agricultural market.



BAIE OM TE HAP EN TE TAP



Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Daar word reeds vir dekades gesê dat geen mens oor die landbou durf skinder as hy met kos in sy mond praat nie. Landbou is kos...punt. By NAMPO Kaap gaan dit ook geen uitsondering wees nie. Vanjaar is daar somer heelwat meer plek om iets te ete en te drinke te vind.

As 'n nuwe gasvryheidsborg bring Breederiviervallei Wyne nie minder nie as 22 kelders in hul streek se wyne na vanjaar se NAMPO Kaap toe. Hulle sal direk langs Vinpro uitstal. Daar is ook uitstallers van plaaslik gedistilleerde jenever wat die monde sal laat water.

Spyskaarte

Volledige spyskaarte sal by elke kosverkoopspunt aangebly word. Volgens 'n ooreenkoms met NAMPO Kaap moet elke eetplek op die terrein gekoppel wees aan 'n begunstigde behoeftige of welsynsorganisasie wat kan baat vind by hul sukses.

Kyk, dis mos ou nuus dat die Ruëns Steakhouse se braaivleisborde en ontbyt legendaries is. Moet ook nie die jong produsente se flink diens by die kroeg vergeet nie.

Aanvullend tot Laerskool Bredasdorp se baie gewilde boerekos, koffie, tee en koeldrank, is Hoërskool Bredasdorp ook vanjaar in vol sterkte by NAMPO Kaap. Hulle fokus op hamburgers, worsrolle, sout-, soet- en verskeie drinkgoed.

Kindersorg sal, met die ondersteuning van die plaaslike Spur, weer 'n lekkerrus-halfwegetplek met die nodige drinkdinge daarby oorkant die Waterwys-sentrum bedryf.

Nuwe eetervaring

Dan, sê me Chrystal van Wyk (hoof uitvoerende beampte van Bredasdorp Park) kan 'n nuwe eetervaring met die naam Dik Frik vir die eerste keer by die geleentheid beleef word. Hierdie is 'n wegneemetespecialis wat met enigiets onder die son wat saam met slaptjips verorber kan word, spog.

"Ons is trots op ons halaal restaurant. Besoekers kan verseker wees van heerlike Maleier-disse, samoesas vir stap-en-hap en kerrie wat jou behoorlik tuis laat voel," het Chrystal gesê.

In die Absa-geleentheidsentrum rig die gesogte Antoinette's Events van die Overberg weer hul wêreldklasbistro in vir smaaklike ontbyte, middagetes en die jaarlikse skaapkopete ten bate van Suideroord in Bredasdorp.

En moenie van die tussendeur hap-en-tap-geleentede by die pannekoektannies en die koeldrankstalletjies vergeet nie. ●



PANNAR SIEN JOU BY Nampo Kaap, Bredasdorp Park!

4 - 6 September 2019

Wat ook al jou gewassamestelling,
ons het die beste kultivars vir 'n
suksesvolle oes.

Kom kuier by PANNAR se stalletjie (stalletjie nommer 45 in die BKB-saal) en hoor hoe ons die formule vir volhoubare boerdery toepas om by te dra tot jou boerderysukses, om jou te ondersteun in jou edele strewe om die landbou-ekonomie te versterk en tot die voorspoed van ons land by te dra.

Vir meer inligting besoek:

<http://www.grainsa.co.za/pages/nampo-cpt/cpt-home>
Kaartjies beskikbaar by www.computicket.co.za



f ▶ t in @ www.pannar.com



Meer as net 'n perdeskou

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Vir mnr Henk Aggenbach en me Chrystal van Wyk (onderskeidelik voorsitter van NAMPO Kaap en hoof uitvoerende beampte van Bredasdorp NPC) is die insluiting in die NAMPO Kaap-arenaprogram van 'n terapeutiese perdry-ervaring vir kinders met spesiale behoeftes, baie belangrik.

"Ons noem ons kinders met outisme en gestremdheid hier by Bredasdorp Park 'kinders met hoop', want dit is wat me Mariska Marais en haar span vir hulle gee. Tydens spesiale programtjies gaan die kinders, wat tydens kwartaaltyd weekliks terapieessies by die Pony Pals-rykskool op Bredasdorp Park bywoon, wys hoe hulle dit geniet en wat hulle al geleer het," vertel Chrystal opgewonde.

Uitstaande ruiters en perde

Die driedaglange perdeprogram, wat vanjaar deur Mariska saamgestel word, is 'n perdeliefhebber se droom. Volgens haar sluit die NAMPO Kaap-perdeprogram ook 'n Walliese ponieperdvertoning, 'n dresseerskou, skouspringklasse, ruiterkunste en kostuumruiterskoue in. "Daar gaan ernstig meegeë word, maar ons gaan ook lekker lag en die pret van perdry geniet," sê sy.

Mariska word by die rykskool en die veestalle, waar die perde tydens die ekspo gehou word, ondersteun deur Helene Lambrecht, Jaclynne Brewis, Lize van der Westhuizen en Deon Joubert.

"Ons arena is toeskouervriendelik en besoekers sal genoeg verversings en badkamergeriewe naby die hoofarena hê. Ruiters werk regdeur die jaar baie hard om van tyd tot tyd hul vaardighede en hul perde se beste met die publiek te deel. Ons nooi alle besoekers om tyd te maak en ons te kom aanmoedig tydens die geleentheid," nooi sy.



1. Die Pony Pals-rykskool bied die volledige perdeprogram in die hoofarena aan – met junior-junior, junior, senior en outistiese ruiters. 2. Besoekers kan sommer eerstehands met die kostelike miniatuurperdjies kennis maak. 3. Die perdeprogram is 'n perdeliefhebber (oud of jonk) se droom.

Ondersteun vir Lize

Henk en Chrystal deel opgewonde in die vreugde wat die park se 100 veestalle en die arena deurlopend aan kinders en volwassenes van die groter Overberg bring.

Aansluitend hierby sal 'n talentvolle, plaaslike 15-jarige dogter met outisme, Lize Struwig, haar passie en natuurlike aanvoeling vir taksidermie met besoekers deel. Lize stop diere op wat op plaaspaaië doodgery is. Sy het tot dusver net met behulp van haar ouers en YouTube geleer hoe om die werk ten beste te doen. "Sy is werklik 'n opstopper van formaat," aldus Henk. Sy word deur me Alta de Wet van die D.S. de Wet Skool vir Outisme op Bredasdorp en haar ouers ondersteun.

Miniatuurperde

Soos verlede jaar is die kostelike, winsgewende miniatuurperde wat met van die wêreld se beste teel-materiaal uit die VSA in die Wes-Kaap geteel word, te sien. Besoekers kan hier met van die land se voorste miniatuurperdstoettelers kennis maak. ●





Met
**VOERMOL
MAXIWOL**
Kyk jy nie terug nie

- Voorsien 'n hoë vlak van deurvloei proteïene, energie, minerale en spoorminerale
- Bevorder winsgewende produksie van vleis, wol en vesel
- Beskikbaar in verskeie vorms: konsentraat, meel, korrels of blok
- Stimuleer uierontwikkeling en verhoog gevolglik bies- en melkproduksie
- Is melassegebaseer wat smaaklikheid bevorder en dus goeie inname verseker



VOERMOL

**Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien**

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Maxiwol Konsentraat, Regnr. V4985, Maxiwol Produksiekorrels, Regnr. V15415, Maxiwol Readymix, Regnr. V7815, Maxiblok, Regnr. V17424 (Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

56957/MAXIWOL/FP/SAG



2019

Grain SA/Grain SA
NAMPO
KAAP CAPE

Waterwys-sentrum fokus op besparing

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Besoekers sal behoorlik kan fokus op die noodsaaklikheid van slim watergebruik, veral op plase met waterhonger gewasse. Daarvoor sal die Waterwys-sentrum (Waterwise Centre) met oplossings vir slimmer boerderyplanne sorg.

Die voorsitter van NAMPO Kaap, mnr Henk Aggenbach, sê: "Water is en bly, met of sonder damme vol water, 'n skaars maar noodsaaklike hulpbron."

Só het Bredasdorp Park vanjaar die waterbesparende Greenkeeper-waterkanon met 'n radius van 30 m ingespan om die park kostedoeltreffend te vergroen. Demonstrasies van die waterkanon sal tydens NAMPO Kaap aan produsente gelewer word.

Ander uitstallers

Van die uitstallers in die Waterwys-sentrum stel vertikale hidroponiese torings ten toon. In aansluiting hierby gaan daar ook meer oor akwaponiese kontantgewasproduksie geleer word. Beter reënwaterbestuur word ook aangespreek terwyl doelgemaakte tegnologiese besproeiing deur geoutomatiseerde

stelsels vir bemesting, grondvogmonitering en besproeiing ook aandag kry.

Omgewing- en grondvriendelike boerdery

Om omgewing- en grondvriendelike boerdery te bevorder, sal daar inligting wees oor die voordele van bestuiwing deur volskaalse of kleinskaalbyboerdery en moontlik ook erdwurmboerdery. As deel van die soeke na proteïenproduksie-oplossings word vlieg- en brommerboerdery in tonnels asook visafvalkomposering ondersoek. ●



Henk Aggenbach en Chrystal van Wyk bekyk die vordering by die nuwe Waterwys-sentrum.



**Hand aan hand sit die Wes-Kaap
die beste in boerdery voor.**

Kom besoek ons by NAMPO Kaap, by standplaas 21 in die BKB-saal.

AGRI | GROWING GREATNESS
WES-KAAP • WESTERN CAPE • IKAPA | growinggreatness.co.za



150 jaar van diens aan die produsent

Arno du Plessis, Northmec

Northmec vier vanjaar 150 jaar van suksesvolle diens aan die Suid-Afrikaanse produsent en kan met trots sê dat ons steeds een van die voorkeurverskaffers is vir die moderne produsent. Ons vier ons verjaarsdag met vindingryke bekendstellers by NAMPO Kaap 2019.

Case IH AgXtend

Die innoverende Case IH AgXtend-presisie-boerderytegnologie komplementeer die handelsmerk se AFS-produkte (*Advanced Farming Solutions*). Omvangryke doelwitstellers verseker dat die uiteindelijke oplossings toonaangewend in die mark is. Die SoilXplorer is die mees onlangse tegnologie uit die Northmec-stal en sal gedemonstreer word tydens NAMPO Kaap.

SoilXplorer – hoe werk dit?

Dié sensor of karteerder beskik oor 'n kontakvrye sensor wat elektromagnetisme gebruik om grondtipes en -dieptes te meet by vier verskillende vlakke: 0 cm tot 25 cm, 15 cm tot 60 cm, 55 cm tot 95 cm, en 85 cm tot 115 cm. Die eenheid word op 'n trekker se neus monteer en het twee sleutelfunksies.

Eerstens kan dit gebruik word om kartering van grond te doen, waar dit grondheterogeniteit meet, grondtipes karteer, die relatiewe waterhouding in die grond waarneem en dan stoor op die kaart.

Tweedens verskaf dit inligting van verskillende dieptes van grondkompaksie sodat variërende bewerking van grond kan plaas-

vind volgens die diepte van die grond. Om altyd op maksimum diepte in die grond te werk, veroorsaak onnodige brandstofverbruik asook slytasie op die implemente, sonder dat waarde toegevoeg word en beter opbrengste realiseer.

Siende dat die SoilXplorer nie direkte grondkontak maak nie, is dit onafhanklik van weersomstandighede en plantegroei, en stel dit die produsent in staat om gedetailleerde grondmonsters met verskillende parameters te ontwikkel. Die SXTS-sagteware is ingesluit in die pakket.

Tipes kaart wat saamgestel kan word:

- » Relatiewe waterinhoud (*RWTC – Relative water content*)
- » Diepte van die grond (*D2*)
- » Grondsone
- » Bewerking/toepassing

Alle kaarte is versamelde interpretasies van die data wat gemeet is deur die rolle (*coils*) van al vier die lae van opname.

Wat is die voordele van die sisteem?

- » Verbeterde produktiwiteit met grondbewerkingstoepassings.
- » Besparing in brandstofverbruik asook verminderde slytasie.
- » Verminderde onderhoudskoste per hektaar.
- » Volgehoue verbetering van die grondstruktuur.
- » ISOBUS-gereed.

Nuwe vlagskipmodelstropers

Case IH het in 2019 die hidrouliese 250-reeks stropers bekend gestel wat te sien sal wees by NAMPO Kaap.

Veranderinge op die masjiene sluit die nuwe Harvest Command wat bygevoeg is, in. Die stroper word hiermee in staat gestel om self die verstellings op die masjiene te doen. Dit sluit in die konkaafopening, die sifverstelling, die wind- asook die rotorspoed – om maar net 'n paar te noem.

Ons moderne stropers het by Grand Island, Nebraska begin. In die afgelope dekade het ons konstant gefokus op die maksimalisering van produktiwiteit en dit het gelei tot baie verbeterings vanaf die 2388-reeks. Om onnodige staantyd te minimaliseer, het ons die graantenks op die huidige 9250-vlagskip vergroot vanaf 6 000 liter tot 14 400 liter. Die brandstofenks is vanaf 1 000 liter tot 1 200 liter vergroot om 'n dag se werk te vermag sonder om te stop vir brandstofhervulling.

In dieselfde tydperk het die enjinkapasiteit vanaf 208 kW tot die magiese 410 kW verhoog danksy die nuwe Case IH FPT 15,9 L-masjiene. Die gepatenteerde SCR-tegnologie in vandag se stropere njins het tot gevolg dat maksimum krag gebruik kan word sonder om effektiwiteit in te boet. Die resultaat is beter werksverrigting, meer ekonomiese brandstofverbruik, laer enjintemperature asook beter betroubaarheid en duursaamheid.

Die stropers is beskikbaar in die 7250, die 8250 en die 9250. Ons kleiner modelle, naamlik die 5140, die 6140 en die 7140, is steeds markleiers in hulle verskillende segmente en bly deel van die aanbieding. ●

Besoek ons gerus op Bredasdorp Park.



1. Die SoilXplorer Case IH. 2. Die nuwe Case 250-reeks stropers.



Allernuutste kultivars by proefdemonstrasies

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Om winsgewend te produseer, bly die regte kultivarkeuse en die jongste bewerkingspraktyke vir elke wintergraanprodusent van belang. Verskeie verskaffers en rolspelers het reeds van vroegjaar af proefpersele op Bredasdorp Park voorberei en geplant om hul nuutste deurbrake te demonstreer.

Nuutste koringkultivars

Mnr Wessel Germishuizen en Driecus Lesch van Sensako nooi produsente om daagliks 'n draai by hul proefperseel en uitstalling te kom maak vir toeligtig oor en besigtiging van tien koringkultivars asook nuwe hawer-, gars- en rogkultivars. "Ons toets die koring teen drie saaidighede en gebruik drie swambehandelings vir siektebeheer. Hier kan produsente kom gesels oor die beste kultivarkeuses en gewasbestuursopsies," sê Driecus.

Volgens Wessel bepaal bestuurspraktyke en klimaats-toestande, volgens die uniekheid van elke seisoen, die uitdrukking van genetiese potensiaal van elke kultivar. "Doelgemaakte optimale gewasbestuur moet die kultivar van keuse van elke produsent ondersteun. Ken jou kultivar en bestuur die opbrengsvermoë daarvan so effektief moontlik."

Sensako het, in samewerking met Sabbi, soortgelyke demonstrasiepersele op verskeie plekke in die Wes- en Suid-Kaap aangeplant.

Meer oor korog- en koringteling

Die Planteteeltlaboratorium (SU-PBL) aan die Universiteit Stellenbosch se Departement van Genetika in die Fakulteit van AgriWetenskappe nooi produsente en wintergraanrolspelers om hulle proewe te besoek. Volgens die projekteiers, mnr Henzel Saul (SU-PBL) en Willem Botes (Departement van Genetika en navorsingsleier by die SU-PBL en die Departement van Wetenskap en Tegnologie-Graan SA-koringteelplatform) gaan produsente meer oor die korogteelprogram se nuutste kultivars en oor die nasionale koringteelplatform, waarvan SU-PBL deel is, kan sien.

Dié platform word deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie en Graan SA, in samewerking met die Wintergraantrust, befonds.

Prioritiseer grondgesondheid

Omnia Nutrilogie® demonstreer vanjaar sy "voete op die plaas"-benadering. "Ons prioriteit is om ons navorsing en tegnologiese voorsprong tot voordeel van ons kliënte te deel," sê mnr Stefan de Jager (verkoopsbestuurder in die Wes-Kaap). Daar is 1 ha met koring aangeplant met die doel om grondbewerking van klipperige grond te ondersoek. Verskillende dieptes van bewerking is op die proefperseel gedoen, naamlik geenbewerking tot op 200 mm en bewerking tot op 320 mm.

"Produsente kan kom kyk na wortelontwikkeling en die reaksie van plantegroei op bewerkingsdiepte. Satelliet-beelde word gebruik om die verskille aan te dui. Die konsep van grondgesondheid sal ook onder die loep kom," sê Stefan.

Dink natuurlik nuut

Die NuWay-program vir die ontsluiting van die natuur se potensiaal word vanjaar deur Nulandis gedemonstreer. Mnr Ardan Hite (biologiese produksiespesialis) nooi ook alle vrugteprodusente om meer oor besproeiingskedulering te kom leer. "Met NuWay wil ons veilige hoëvoedings-waardevoedsel produseer, terwyl natuurlike hulpbronne volhoubaar ingespan word. Die program identifiseer en evalueer die beskikbare natuurlike hulpbronne. Ons oorkom hiermee biologiese, fisiese en chemiese beperkings deur innoverende beginsels en produkte. Sodoende maak die produsent seker dat hy volgens die spesifieke grond se opbrengspotensiaal en die unieke gewas se opnamekurwes bemes."

Ardan sê verder: "Ons het volgens die voorplantdata besluit om vanjaar koring, gars, kanola en 'n dekgewas-mengsel te plant. Ons moniteer deur die seisoen hierdie gewasse afsonderlik op die proefperseel en bestuur die aanplantings volgens elke gewas se unieke behoeftes."

Vir vrugteprodusente bring InNuvate 360 van Nulandis die nuwe Supplant, 'n unieke besproeiingskeduleringstelsel vir vrugteprodusente, na NAMPO Kaap toe. "Dit bied 'n interessante nuwe dinamika in boordbesproeiing."

Nulandis bied daagliks 'n oggend- en 'n middag-demonstrasie aan.

Ou resep nie noodwendig die beste nie

Kynoch se demonstrasie-aanplantings gaan produsente aanmoedig om nie te wag voordat hulle nuwe tegnologie inspan nie. Hulle demonstreer die impak van die nuutste voorplant-topbemesting teenoor skoon monoammoniumfosfaat (MAP).

Mikro-elementbehandelde MAP met nanotegnologie word in 'n tweede proef toegelig. In nog 'n proef word resultate gedemonstreer van MAP wat met Kynoch se KynoPop vir wortelontwikkeling behandel is.

Volgens mnr Pierre Theron van Kynoch moet produsente vandag weens finansiële druk elke aksie op die plaas deeglik beredeneer en beplan. "Wisselvallige reënval plaas produsente onder buitengewone druk. Juis daarom behoort hulle so goed moontlik en so gou moontlik van die nuutste tegnologie gebruik te maak om optimale resultate te kry."

Talle insetverskaffers bring deurlopend die nuutste tegnologie onder produsente se aandag. Pierre meen dat die vrugte daarvan gouer gepluk sal word indien produsente nie probeer volhard met die resep wat nog altyd gewerk het nie, maar die nuwe tegnologie begin toepas.

Hy sê daar is baie nuwe plantvoedingstegnologie beskikbaar. "Ons doel is om die allerjongste tegnologie te demonstreer. Behandeling twee in ons demonstrasie is geplant met MAP waar die mikro-elemente met nanotegnologie behandel is. Behandeling drie op die proefperseel is geplant met MAP, gemeng met KynoPop-voedingselemente vir maksimale wortelgroei.

"Ons gaan hopelik toon dat plante nie net NPK nodig het nie. Ons nooi alle produsente om te kom kennis maak," het hy gesê. ●



Duitse tegnologie gemik op bewaringsboerdery

Henry van Vuuren, Terratill Implements

Terratill Implements is die eksklusiewe invoerders van die Horsch-reeks implemente en planters vir Suider-Afrika. Alle Horsch-planters en -implemente is doeltreffend met bewaringsboerdery as oogmerk.

Kompakte dis

Die Joker RT- en HD- kompakte dis is gebou om 'n vinnige bewerking te gee om plantreste en die grondbolaag te meng: 60% materiaal onder die grond en 40% bo die grond om wind- en watererosie te beperk. Die Joker-skottel se invalshoek met die grond is slegs 17° om grondverdigting uit te sluit.

Planters

Horsch het 'n planter vir elke graangewas wat in Suid-Afrika geplant word. Die

Maestro SW word gebruik vir mielies en alle ander graan asook katoen. Dié planter kan ook die los eenheid Avatar-geenbewerking-koringplanter haak en as 'n eenheid winterkoring plant.

Die Focus ST is 'n eenbewegingplanter wat 350 mm diep beitel en die saadbed voorberei. Dit plant alle gewasse van graan tot fyn saad met twee eenhede wat aan- en afhaak.

Dan is daar die Pronto DC, 'n eenbewerkingkoring- en fynsaadplanter wat die saadbed voorberei met skottels en wat beide saad en kunsmis plaas.

Eenbeweging-grondbewerking-simplemente

Die Horsch Terrano- en Tiger MT-skottel- en-beiteltandkombinasie-implement speel

klaar met die massas plantreste wat 'n probleem by wisselbou is. Die Tiger MT werk die plantreste diep en effektief in die grondbolaag in sodat plant onmiddellik moontlik is. Die Tiger MT is beskikbaar vanaf 3 m tot 8 m, waar die Terrano MT in 4 m en 6 m beskikbaar is.

Terratill Implements maak gebruik van handelaars om naverkoopdiens nader aan die produsent te bring. ●

HORSCH

HORSCH TIGER en TERRANO MT skottel- en-tand-kombinasie implement om plantreste in te werk en te kan plant met minder bewerkings.

Navrae kontak

Henry van Vuuren: 079 997 8938

Rigardt van den Berg: 083 276 5846

E-pos: henryvv@terratill.co.za

Web: www.terratill.co.za

TERRATILL
Implements (Pty) Ltd



MAESTRO SW



TIGER MT



TERRANO MT



JOKER 8 HD



There's more to farming than farming.

Get a machine that can do it all, from cultivation and transporting produce, to spraying and haymaking. A machine that will get it done faster than you can expect from traditional farming equipment.

Here's why the Unimog UGE implement carrier's farming efficiency makes it a machine like no other –

Fuel economy: Uses up to 20% less fuel than conventional tractors on transport applications.

Time saving: Can travel at up to 80km/h, on public roads. Maintenance intervals of 1200 hours vs typically 500 hours for conventional tractors. **Safety:** Excellent field of view. Safe high-speed handling due to truck steering geometry. Two-stage engine compression brake. Truck-type full air brake system.

Versatility: Compatibility with a wide variety of farming implements and ease of high-speed on-road travel, provides year-round utility.

Visit www.mercedes-benz.co.za/unimog to order yours.

Mercedes-Benz

Trucks you can trust.





Nuwe 4x4-baan bied meer

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Die nuwe, veeldoelige 4x4-baan op Bredasdorp Park sal as die Engen-4x4-baan bekend staan. Om dit vir besoekers en veral produsente meer opwindend te maak, sal alle uitstallers van 4x4-voertuie deelneem en nie net een vervaardiger soos verlede jaar nie.

Mnr Toit Wessels (assistentbestuurder: NAMPO en Bemarking, Graan SA) en mnr Henk Aggenbach (voorsitter van NAMPO Kaap) is opgewonde oor die moontlikhede wat die uitdagende baan, wat nou in die hoek van die terrein langs die Omnia-saadpersele geleë is, bied.

Toit sê uitstallers wat 4x4-voertuie het, sal as deel van hulle ooreenkoms van hul voertuie vir die baan beskikbaar stel. Sodoende word daar, in belang van uitstallers en besoekers, seker gemaak dat onder meer Toyota, Isuzu, Ford en Volkswagen, om maar net 'n paar te noem, in aksie sal wees.

Henk bevestig dat die baan nog in wording is en dat kompaktering eers oor minstens drie jaar ten volle voltooi sal wees. Bredasdorp Park doen self, onder sy wakende oog, die uitleg en ontwikkeling.

Ook vir vierwielmotorfietse

"Ons is egter vol verwagting. Die baan kan ook vierwielmotorfietsdemonstrasies hanteer. Dit sal afhang van wat ons vanjaar in die beskikbare tyd kan inpas," het hy gesê.

Besoekers sal daaglik, ná ondertekening van 'n vrywaringsvorm, saam met die gevorderde 4x4-bestuurders en gemagtige bestuurders van die verskillende vervaardigers deur die baan kan ry. Die daaglikse demonstrasies sal tussen 10:00 en 11:00 soggens en in die middag tussen 14:00 en 15:00 plaasvind, wanneer besoekers die verskillende fabrikate se voertuie kan vergelyk.

Vir optimale bestuurder-, passasier- en toeskouerveiligheid sal die baan beheer word deur 'n 4x4-instrukteur. Hy sal bygestaan word deur 'n Bredasdorp Park-bestuurslid, mnr Waldo Strydom.

Daar sal genoeg pawiljoene wees om op te sit en 'n luidsprekerstelsel vir kommentaar soos wat die voertuie deur die baan beweeg. ●

Só word daar gewoel om die nuwe Engen-4x4-baan betyds gereed te kry.



NAANDANJAIN

A JAIN IRRIGATION COMPANY

DRIP | MICROSPRINKLERS | SPRINKLERS | IRRIGATION ACCESSORIES

Your irrigation needs, our solutions:

QUALITY PRODUCTS NOW AVAILABLE ON YOUR DOORSTEP

✉ 27 VIBEN AVENUE, BRACKENFELL INDUSTRIAL, CAPE TOWN

+27 21 000 DRIP (3747) @ Enquiries.SA@naandanjain.com 🏠 www.naandanjain.com



Ons taaiste bakkie tot dusver

Lunga Ntsendwana, ISUZU

Isuzu Arctic AT35 Trucks is Isuzu se eksklusiewe nuwe vlagskipmodel en die teikenmark is ywerige buitelug- en veldpadentoesiaste, professionele persone wat dikwels na ontoeganklike plekke en op onbegaanbare paaie moet reis asook stedelinge wat graag 'n spoggerige indruk wil maak.

Die Isuzu Arctic AT35-bakkie is nou beskikbaar by Isuzu-handelaars op 'n eksklusiewebestelbasis, met 'n geprojekeerde 50 eenhede wat jaarliks in Port Elizabeth gebou sal word.

Handvervaardig volgens presiese standaarde

Isuzu Motors Suid-Afrika (IMSA) se fabriek is die eerste en tans wêreldwyd die enigste Isuzu Motors-fasiliteit wat die internasionale goedkeuringstempel ontvang het om 'n Arctic Truck-produksiemodel te bou.

Die Isuzu Arctic AT35 word saam met die standaard-D-MAX-bakkies by IMSA se fabriek te Struandale gebou.


Daarna word die omskakeling gedoen deur 'n span hoogs ervare Isuzu-werktuigmakers wat hulle noukeurige vaardigheid inspan om groter wielholtes en -boë te bou om die groter bande en kragtiger suspensie te akkommodeer.

Ongeëwenaarde veldpadvermoë

Gebaseer op die D-MAX 3.0 LX dubbelkajuit-4x4-automaties, neem die Isuzu Arctic AT35 die Isuzu D-MAX se legendariese taatheid nog heelwat verder met die montering van Fox Performance-suspensie en -skokbrekers wat aan die voertuig 'n ongeëwenaarde veldpadvermoë gee. Die bakkie bied fantastiese werksverrigting op die teerpad asook op grondpaaie en het die vermoë om tegniese én sagte terrein te hanteer met minimale impak op die grondoppervlak óf die voertuig.

Die binnekant is soortgelyk aan dié van die standaard-D-MAX en kom met Isuzu se bekende drieliter- interverkoelde turbodiesel-enjin en sesspoed-automatiese ratkas.

Dit is beskikbaar in een afgeleide formaat, naamlik die drieliter-dubbelkajuit-4x4 met 'n sesspoed-automatiese ratkas, teen 'n aanbevole kleinhandelprys van R785 000 (BTW ingesluit). ●



1. Handvervaardig. 2. Tyd om te dink. 3. Suspensietoetsing by Geotek. 4. Die bopunt van die duin word bereik.

ISUZU

Vragmotors

*lewers het die seisoen se oes
so pas ingekom... en is daar 'n
nasie om te voed.*



Kontak enige **Isuzu-handelaarsvennoot**
of skakel **08000 ISUZU (47898)**

www.isuzu.co.za  

Vertoonmodel/le mag verskil. BF&W.

**THERE'S
WORK
TO DO**

ISUZU

With you, for the long run

ONS SKEP 'N BETER WÊRELD



Omnia se nitrofosfaataanleg op Sasolburg stel ons in staat om kunsmis te vervaardig, terwyl ons die impak op die omgewing drasties verlaag. Dit is slegs een van ons inisiatiewe om 'n beter wêreld te skep vir elke mens in die plekke waar ons sake doen.

www.fertilizer.co.za



2019

Graan SA/Grain SA
NAMPO
KAAP CAPE

Graan SA- en NAMPO-items te koop

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Besoekers gaan kan kies en keur uit die volledige reeks Graan SA- en NAMPO-handelsmerkitems. Of jy nou man of vrou is en hou van klerasie, skryfbehoeftes, kombuisware of braaiplekitems, Graan SA bring al hul nuutste en gewilde promosie-items Bredasdorp Park toe.

*"...om jou verbintenis tot
Graan SA en NAMPO op 'n
praktiese manier te geniet"*

Volgens me Alzena Gomes (skakelbeampte van Graan SA) sal besoekers hemde, baadjies, truië, pette en verskeie ander items kan aanskaaf. "Ons nooi produsente en hul gesinne asook werkers om ons tydens NAMPO Kaap te besoek. Maak seker jy kry wat jy nodig het om jou verbintenis tot Graan SA en NAMPO op 'n praktiese manier te geniet," nooi sy.

Die Graan SA- en NAMPO-handelsmerkitems sal by die Graan SA-stalletjie in die BKB-veesentrum beskikbaar wees. Alzena bevestig dat kontant- en kaartbetalings aanvaar word. ●



Tydens die NAMPO Oesdag op Bothaville in Mei vanjaar het Hailey Ehrenreich van Graan SA vir Susara du Plessis van Delareyville bygestaan in haar besluit oor watter NAMPO-hemp om aan te skaf. Soortgelyke items sal vanjaar by NAMPO Kaap te koop wees.



Boereplannekompetisie nou ook by **NAMPO Kaap**

Jan Greyling, SA Graan/Grain medewerker

Graan SA bied vanjaar die eerste geleentheid aan Wes-Kaapse produsente om, met die ondersteuning van Omnia en *Landbouweekblad*, pryse te wen met hulle beste boereplanne tydens NAMPO Kaap se Landbou-boereplannekompetisie.

Volgens die projekbestuurder, mnr Wim Venter (ook Oesdagbeampte, Graan SA), vind die beoordeling op Donderdag 5 September by Standplaas D langs die Omnia-uitstalling plaas. Dit is by die nuwe uitstalarea op Bredasdorp Park, bekend as die uitstalvierkant of die *quad*, reg agter die BKB-veesentrum.

Boereplanne sluit enige toerusting of hulpmiddels in wat gebruik kan word om uitdagings op die plaas aan te spreek. "Geen plan se toerusting of hulpmiddels mag gepatenteer, kommersieel bemark of in die proses van registrasie wees nie. Alle planne, toerusting of items wat ingeskryf word, mag deur enigiemand nagmaak word om plaasuitdagings aan te spreek," het Wim gesê.

Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Alle inskrywings wat voor Maandag 2 September ontvang word, moet tydens NAMPO Kaap uitgestal word. Indien inskrywings Graan SA voor 23 Augustus bereik, sal *Landbouweekblad* die deelnemers kontak vir 'n volledige beskrywing wat tydens NAMPO Kaap saam met elke inskrywing uitgestal sal word.

Afdelings

Die afdeling waarin ingeskryf word, moet op die inskrywingsvorm aangedui word.

Kies uit die volgende opsies:

A: Nuut – masjinerie, implemente en landboutuering (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit).

B: Gemodifiseerd – masjinerie, implemente en landboutuering (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit).

C: Gereedskap – alle gereedskap, elektries en nie-elektries.

D: Huis en tuin – planne wat in en om die huis (ook in die kombuis) gebruik kan word.

E: Ope afdeling – enige item wat nie hierbo genoem word nie met 'n vervaardigingskoste van minder as R5 000.

Reëls

Wim vra voornemende deelnemers om op die reëls te let (sien die inskrywingsvorm op bladsy 28 van dié uitgawe) en om vroegtydig in te skryf om hul plekke en wenkansen te verseker.

Skryf so in

Kry die amptelike inskrywingsvorm – die enigste wat aanvaar word – op bladsy 28, of by Wim by wim@grainsa.co.za of by Charmaine by admin@expo.org.za. Navrae kan ook aan Wim gerig word by 086 004 7246. ●



1. Die borgverteenvoorders van Landbou-boereplanne saam met die prysweners van die verskillende kategorie tydens die kompetisie wat by die NAMPO Oesdag op Bothaville gehou is. Agter van links: Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA), Dirk Lamprecht (sakebestuurder: *Landbouweekblad*) en Louis Strydom (algemene bemarkingsbestuurder: Omnia® Nutrilogie) by die prysweners. (Foto: Louise Kunz) 2. Kobus van Zyl van Bethlehem het 'n eerste plek behaal met sy kontoermaker en -skoonmaker. (Foto: Louise Kunz) 3. Mike Dombo en dr Immanuel de Wilde van Rustenburg het kragte saamgesnoer vir dié baalmasjien wat met diesel werk en op enige bakkie of sleepwa gemonter kan word. (Foto: Louise Kunz)

Landbou BOEREPLANNE

Amptelike inskrywingsvorm

Hierdie planne sluit in enige toerusting wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te spreek. Die toerusting mag nie gepatenteer wees nie en mag deur enigiemand nagmaak word vir eie gebruik.

Inskrywings

Rig alle inskrywings aan Wim Venter by wim@grainsa.co.za of Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660.

Inskrywings wat voor 23 Augustus 2019 ontvang word, sal deur Landbouweekblad gekontak word vir 'n volledige beskrywing wat saam met die inskrywing uitgestal sal word.

Naam en van: _____

Adres: _____

Selfoonnommer: _____

Beskrywing van inskrywing:

Reëls

1. Ingeskrewe artikels moet by Graan SA NAMPO Kaap uitgestal word.
2. Inskrywings sal slegs op die amptelike inskrywingsvorm aanvaar word.
3. Slegs inskrywings wat Graan SA voor of op 23 Augustus 2019 bereik, sal deur Landbouweekblad gekontak word vir 'n volledige beskrywing wat tydens die Oesdag saam met die inskrywing uitgestal sal word.
4. Die deelnemer is verantwoordelik vir die vervoer van sy plan voor en ná die kompetisie, tensy anders met Omnia Nutrilogie® ooreengekom.
5. Graan SA, Omnia Nutrilogie® en Landbouweekblad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verliese tydens deelname aan die kompetisie nie.
6. Wenner moet tydens die prysuitdeling op Donderdag 5 September teenwoordig wees. Afwesigheid van hierdie geleentheid sal tot gevolg hê dat prysgeld verbeur word.
7. **Geen items wat kommersieel bemark word of in die proses van registrasie is, mag ingeskryf word nie.**
8. Die inskrywings van gepatenteerde items wat in 'n nuwe inskrywing omskep word, sal slegs toegelaat word as dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
10. Die beoordelaars sal pryse na hul diskresie toeken en inskrywings diskwalifiseer sou dit nie gepas wees na hulle oordeel nie.
11. Deelnemers kan meeding in die afdelings soos hierbo uiteengesit.
12. Inskrywings moet Graan SA voor of op Maandag 2 September 2019 bereik.
13. Inskrywings moet op die terrein wees om 14:00 op Dinsdag 3 September 2019. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm moet saam met die plan by die ingangshek getoon word om toegang te verkry. Geen inskrywings sal sonder hierdie bewys op die terrein toegelaat word nie.
14. Geen inskrywings mag voor Saterdag 7 September 2019 van die terrein verwyder word nie.
15. Alle inskrywings word vir die duur van NAMPO Kaap as permanente uitstallings beskou. As 'n bakkie bv. gebruik word om te demonstreer hoe 'n plan werk, mag die bakkie nie van die terrein verwyder word nie.

Geborg deur



Dui die afdeling met 'n kruisie aan:

- A Nuut - masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)
- B Gemodifiseerd - masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)
- C Gereedskap – alle gereedskap, elektries sowel as nie-elektries.
- D Huis en tuin – planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis.
- E Ope afdeling – enige item wat nie hierbo genoem word nie met 'n vervaardigingskoste van minder as R5 000.

LET WEL: Geen items wat kommersieel bemark word of in die proses van registrasie is, mag ingeskryf word nie.

Ek onderneem hiermee om myself by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: _____

Naam en van in blokletters: _____

Die beoordeling vind op Donderdag 5 September 2019 plaas. Produsente word genooi om die inskrywings te besigtig op standplaas D, langs Omnia. Skakel Wim Venter by 086 004 7246 met navrae.

staan sterk met MODDUS®

- **Verminder omval:** MODDUS® bevorder korter en stewiger halms wat omval in gure weer aansienlik verminder
- **Meer wortels waarborg sterker plante:** Die aktiewe bestanddeel in MODDUS® stimuleer digter wortelgroei vir die optimale opname van water en voedingstowwe
- **Fisiologiese voordele:** Bevorder wortelgroei en halmvorming wat die gasplant help om maksimum opbrengspotensiaal te bereik

MODDUS®. 'n Slim groeireguleerder wat gars sterk laat staan

 **SmartFarm**
Inspired

 **Staan Sterk**
met Syngenta

 **Moddus®**

syngenta®




LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.

MODDUS® bevat trinexapac-etiel 250g/L (Reg. Nr. L8565, Wet Nr. 36 van 1947). **VERSIGTIG**

MODDUS® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za

© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA

NEW HOLLAND CR-STROPER ONTDEK 'N NUWE OESWÊRELD

CR¹⁰⁹⁰ | **Uitstaande Prestasie**
797.656 TON GESTROOP IN 8 URE



**BEKROONDE INTELLIGENCE™-
TEGNOLOGIE NOU OOK IN
SUID-AFRIKA BESIKBAAR
(SIMA - MACHINE OF THE YEAR - 2019)**



**MACHINE
OF THE YEAR 2019**



GEMAK



PRODUKTIWITEIT



KWALITEIT



KRAGLEWERING

ONTDEK GEMAK, PRODUKTIWITEIT EN KWALITEIT VAN DIE WÊRELD SE KRAGTIGSTE STROPER

GEMAK : Die nuutste Harvest Suite-kajuit met 'n 6,3m²-glasoppervlakte en ruim spasie verseker uitstekende sigbaarheid en operateursgerief asook uitstaande rygerief weens die nuwe SmartTrax™-sisteem, toegerus met TerraGlide™.

PRODUKTIWITEIT : 'n Reuse-graantekapasiteit van tot 14500 ℓ en 'n uitlaaivermoë van 143 ℓ/sekonde en 'n 10,5 m-ontlaaipyp met verstelbare kopstuk vir gerieflike morsvrye werking.

KWALITEIT : Die unieke Twin Rotor™-dorsaksie lewer nou tot 10% meer kapasiteit met die nuwe Twin Pitch-tegnologie en Dynamic Feed Roll™, wat die materiaal versnel voor dit in die rotors ingaan.

KRAGLEWERING : Die grootste model in die reeks word toegerus met Cursor se 16 ECOBlue™ HI-eSCR-enjin in die Tier 4-emissievystelling. Hierdie enjin gee 'n 10%-brandstofbesparing met 'n kraglewering van 653pk, wat die CR10.90 een van die wêreld se kragtigste stropers maak.

Kontak jou New Holland-handelaar of skakel Nico Dreyer by 082 902 1255.



Volg ons op  www.newholland.com/za